Hope begins with you

Weergawe 4.6 (2016)

Die basiese beginsels om by die South African Bone Marrow Registry aan te sluit

Hoe om 'n skenker te word:

1. As jy die inligting gelees het, skakel 0800 12 10 82 / +27 21 7010661
2. Ons vra 'n paar mediese vrae; as jy in aanmerking kom, voltooi ons jou vorm
3. Ons e-pos jou vorm en verwys jou na die naaste bloed kliniek

Moet nie as 'n skenker registeer as jy:

- Vermoed dat jy getoets moet word vir HIV, Hepatitis –B (HBV) of Hepatitis –C (HCV)
- Jouself (selfs eenkeer) met onwettige of nie-voorgeskrewe dwelfs ingespuit het.
- 'n Seksueel onveilige leefstyl lei
- Blootgestel was aan Hepatitis of HIV d.m.v kontak met 'n familielid of d.m.v jou werk
- Gereelde tattoos of "piercings" kry
- Verwagtend is of 'n baba in die laaste jaar gehad het
- Kanker het of gehad het
- 'n Fobie het vir naalde

Let asseblief op: Om stamselle te skenk, is deur die wet, vrywillig en onbetaald. Indien jy 'n pasmaat is vir 'n pasiënt, sal jy vergoed word vir redelike uitgawes aangegaan.

✓ Is jy?

- Bereid is om enige iemand te help
- Tussen 18 -45 jaar oud is
- In goeie gesondheid (en nie die risiko loop om hepatitis of sekuele oordragbare siektes op te doen nie)
- Oor 50kg weeg, met 'n BMI < 40
- 'n Bloedskenker is (Verskieslik, maar nie nodig)
- Bereid is om op die SABMR te bly tot jy 60 jaar oud is

Registreer vir iemand spesifiek?

Die mees natuurlike reaksie is om 'n vriend te help wat 'n beenmurg stamsel oorplanting benodig. Dit is egter belangrik dat skenkers wie geregisteer is op SABMR besef dat hulle beskikbaar moet wees vir enige persoon vir wie hulle 'n pas is en nie net vir 'n spesifieke persoon nie. Daar is so baie pasiënte wat hierdie proses benodig, kom ons gun almal 'n kans om hul lewens-reddende pas te vind.

Hoe word stamselle geskenk?

Die proses is soortgelyk aan die skenking van plaatjies. Bloed word uit die een arm deur 'n naald getrek en gefiltreer deur 'n sel skeiding masjien, die beenmurg stamselle word van jou bloed in 'n sak versamel. Die res van jou bloed word deur 'n naald in jou ander arm teruggevoer. Hierdie proses duur 4-6 ure en kan oor twee agtereenvolgende dae gedoen word.

Hoekom is jou Ras belangrik?

Gepaste skenkings hang af van weefsel tipes, nie bloedgroepe nie en hierdie geërfde eienskappe is dikwels meer gereeld in 'n bepaalde ras of rassegroep. Dit is baie belangrik dat mense van alle ras groepe as skenkers registreer, sodat alle pasiënte 'n kans staan om 'n lewens- reddende pas te vind. Die kans om 'n pas te vind is 1:100 000.

4. Slegs 2 proefbuise bloed word benodig om by die SABMR aan te sluit
5. Die bloed word getoets en die uitslae word na die SABMR aangestuur
6. Die SABMR sal jou skenker kaart binne 6-8 weke na jou toe pos

Die basiese beginsels om by die South African Bone Marrow Registry aan te sluit

Die SABMR sal jou slegs skakel as jy 'n pas is...

So, wat gebeur as jy 'n pas is in the toekoms? Die mediese prosedure vir die verkryging van stamselle van die bloed is bekend as 'n perifere bloed stamsel versameling. Eerstens, sal jy 'n volledige mediese ondersoek ondergaan en as jy geskik is om te skenk en nog steeds in ooreenkoms is, sal groei faktor (G-CSF)* inspuitings vir 5 dae toegedien word voor die skenking van stamselle. Dit sal die produksie van die stamselle in die beenmurg verhoog, en dit vry stel in jou bloedstroom. Hierdie mediese prosedure, met 'n bietjie ongemak, behels dat jy deur 'n binne-aarse lyn (soortgelyk aan die skenking van plaaitjies) gekoppel is aan die masjien vir 4-6 ure, moontlik vir 2 agtereenvolgende dae. Die kosbare beenmurg stamselle filtreer uit jou bloed en jou eie bloed word dan aan jou teruggevoer.



ALGEMENE FEIT: Soos met baie siektes is daar die risiko dat normale individue in hul leeftyd kanker kan ontwikkel, insluitend leukemie, limfoon of ander bloed siektes waarvan die oorsaak onbekend is.

***WAT IS DIE G-CSF HORMOON?** G-CSF is die natuurlike groeihormoon wat voorkom om die aantal stamselle in die perifere bloed te verhoog.

IS DAAR ENIGE GEVARE VERBONDE AAN DIE G-CSF HORMOON? G-CSF stimuleer normale bloedsel groei. In sommige pasiënte met kanker of abnormale bloedselle, het dit getoon dat dit leukemie bloedselle stimuleer. Studies wat volg op groot getalle onverwante skenkers het getoon dat die risiko om kanker te ontwikkel binne 'n paar jaar na die gebruik van G-CSF nie verhoog in vergelyking met skenkers wat nie die G-CSF ontvang het nie.

V: Wie betaal vir die toets?

A: **The Sunflower Fund betaal R2000 vir elke bloedtoets.** Ons maak grootendeels staat op donasies van die publiek en versoek dat skenkers dit oorweeg om by te dra tot die koste van die toets. Ons sal die volle toets koste borg as u nie in staat is om 'n bydrae te maak nie.

U bydrae stel ons in staat om vir meer skenkers te betaal. Hoe meer skenkers op die SABMR, hoe beter die kanse dat pasiënte 'n pasmaat vind.

Daar is verskeie donasie opsies:
R350 / R750 / R1400 / R2000

Nadat die aansoekvorm voltooi is, sal ons vra of u in staat is om enige finansiële bydrae te kan maak. In dien nie sal ons Fonds u toets koste borg. Waar van toepassing sal u 'n verwysings nommer ontvang. As u die borg opsie kies, sal u vorm binne 2-3 weke aan u ge-epos word. 'n Artikel 18A-Sertifikaat kan vir alle finansiële donasies aangevra word.

Skenkers tussen die ouderdomme van 46-50 mag by die SABMR aansluit, maar ongelukkig sal The Sunflower Fund nie hul koste kan borg nie, hulle sal self die volle toets koste moet betaal (R2000).

Bank besonderhede:
Rekening Naam: THE SUNFLOWER FUND
Bank: ABSA 405 183 4719
Ref: Sunflower verwysings no. (gegee met registrasie)

The Sunflower Fund
Hope begins with you

SABMR
SOUTH AFRICAN BONE MARROW REGISTRY
"We search the world to find your perfect match"
www.sabmr.co.za

vir meer inligting skakel:
0800 12 10 82 tolvry of
+27 21 7010661 of
faks: +27 21 7016790

E: donors@sunflowerfund.org.za
donorqueries@sunflowerfund.org.za
W: www.sunflowerfund.org.za
www.facebook.com/TheSunflowerFund
www.twitter.com/SunflowerFund